

17. Emeritaatsversorging

17.1 RAPPORT: TRUSTEES GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS

Die Trustees lê die volgende Rapport aan die Sinode voor.

1. Oproep

Aan alle lede van die GKSA Predikante Pensioenfonds asook Kerkrade is kennis gegee van die algemene vergadering van die Pensioenfonds wat tydens Sinode 2015 vergader.

2. Konstituering

Alle afgevaardigdes na die Algemene Sinode, predikante sowel as ouderlinge, word gereken as teenwoordig met lede en Kerkrade wat op eie koste die vergadering kragtens bogenoemde oproep bywoon (tydens die Sinode). Kragtens die Wet op Pensioenfondse geskied hierdie algemene vergadering van die GKSA Predikante Pensioenfonds onder die toesig van die Raad van die Trustees van die Pensioenfonds.

(Notules van die handeling van die Raad van Trustees word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

3. Sake waaroor die Sinode kennis neem

- 3.1 *Aan die Trustees word opgedra om uitvoering te gee aan alle sake waaroor die Sinode oor die Pensioenfonds besluit het.*
Alle sake is volgens opdrag uitgevoer.
- 3.2 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die GKSA Predikante Pensioenfonds aan hulle opgedra word.*
Opdragte is deurlopend uitgevoer.
- 3.3 *Aan die Trustees word opgedra om met Kerkrade te skakel waar predikante se PGT's onder standaard is en om PGT op pariteit te bring met die versorgingsbedrae van die emeritaatsversorgingskombinasie. Aan die Trustees word verder opgedra om die PGT van predikante wat nie aan die minimum riglyn voldoen nie, jaarliks aan die Klassisse beskikbaar te stel, sodat Klassisse kan kennis neem van die Kerkrade wat afwyk van die gestelde minimum riglyn.*
 - 3.3.1 Sinodebesluite tov die bepaling van PGT's is aan die kerke deurgegee waarvolgens kerke aan Klassisse verantwoording moet doen. PGT's behoort minstens met 'n minimum van 6% per jaar te styg.
 - 3.3.2 Die Trustees het die onderskeie Klassisse binne die kerkverband besoek en aan hulle leiding en toerusting gegee mbt die bepaling van PGT's.
 - 3.3.3 Jaarliks is die bedrag wat deur Kerkrade oorbetaal is vir die PPF, met hulle bevestig.
 - 3.3.4 Die effek van 'n te lae PGT is 'n te lae belegging namens die predikant waaruit sy pensioen betaal gaan word. Die PGT is die bedrag waarop die pensioenbydrae wat namens die predikant gemaak word, bereken word. Hierdie bydrae tot die pensioenfonds beloop ten minste 20% van die PGT. Die Kerkraad betaal 12.5% en die predikant 7.5% van die 20%.
 - 3.3.5 Die Predikante Pensioenfonds is 'n vaste bydraefonds. Die predikant kry dus by emeritering die bedrae plus groei, wat namens hom in die fonds belê word. As die pensioenbedrag wat namens die predikant belê word, te min is, sal die predikant se pensioen onvoldoende wees en sal die Kerkraad(e) waar die predikant gedien het, die tekort moet aanvul. Die Predikante Pensioenfonds sal in geen omstandighede aangewend kan word om tekorte weens te lae PGT aan te vul nie.

- 3.4 *Die Trustees moet toesien dat die standaardprosedures as opdragte wat aan die Hoofbeampte opgedra is, afgehandel word.*
Die Trustees het deurlopend verseker dat die standaardprosedures deur die Hoofbeampte van die Fonds uitgevoer is.
- 3.5 *Diverse aangeleenthede soos deur die Sinode goedgekeur, asook die uitvoering daarvan, moet in bovermelde opdragte bygewerk word.*
- 3.5.1 Daar is besluit dat alle navrae ivm finansiële syfers skriftelik by die Hoofbeampte/Fondsbestuurder aangevra moet word en nie deur individuele Trusteelede hanteer mag word nie. Lede/Kerkrade kan aanspreeklik gehou word vir fooie, afhange van die vlak van kundigheid nodig om die navraag te beantwoord, asook vir addisionele kostes wat daarvoor aangegaan moes word.
- 3.5.2 Waar predikante op grond van KO, art 13 op grond van mediese redes uit aktiewe diens tree, word Kerkrade gewys op die risiko waaraan hulle *as Kerkraad* hulle blootstel (in terme van versekerbaarheid) indien sodanige predikante dienswerk, van watter aard ook al, sou verrig en waarvoor hy vergoeding ontvang.
- 3.5.3 Kerkrade waar predikante onder KO, art 13 om mediese redes uit aktiewe diens tree, moet jaarliks skriftelik oor die stand van versorging van die betrokke predikante aan die Klassisse en Trustees rapporteer.
- 3.5.4 Die Trustees herinner lede daaraan dat hulle via hulle onderskeie Kerkrade met die Trustees moet kommunikeer waar dit versorgingsaangeleenthede raak, aangesien Kerkrade op die ou end vir die versorging van die predikant verantwoordelik is (KO, artt 11, 13). Die Trustees kommunikeer in sodanige sake slegs met Kerkrade.
- 3.5.5 Kerkrade waar predikante emeriteer, word daarop gewys dat die Kerkraad by die aankoop van pensioene die besluit van die emeritus oor die aanwending van sy Persoonlike Rekening uit die Pensioenfonds moet goedkeur.
- 3.5.6 Gade/eggenoteversekering kan nie na die ouderdom van 65 jaar voortgesit word nie.
- 3.5.7 Waar pensioen deur 'n emeritus aangekoop moet word, stuur die Fondsbestuurder aan 'n Kerkraad 'n lys van die instansies by wie daar belê kan word en waaruit hulle 'n keuse mag uitoefen (om in die lig van KO, art 13 en toekomstige versorging te verseker dat die gelde by 'n betroubare instansie belê word). Die alternatiewe keuse van óf die vaste groei-opsie óf die "met wins"-opsie (met waarderingsrentekoers) word aan die Kerkraad en predikant wat emeriteer, deurgegee. Die Kerkraad en predikant kan ook van 'n eie makelaar gebruik maak.
- 3.5.8 Vroeë emeritaat en implikasies daarvan ten opsigte van onder andere KO, artt 13 en 20
Indien 'n predikant vroeër as 65 emeriteer, moet Kerkrade kennis neem dat hyself en sy Kerkraad 'n welbewuste keuse uitoefen tot mindere versorging uit die PPF.
- 3.5.9 Beleggingskeuses: Daar is vier portefeuljes waaruit gekies kan word, naamlik Hoë Groei, Matige Groei, Kapitaal Beskermer en Gebalanseerd (voorheen genoem die Aggressiewe Groei). Drie van hierdie vier portefeuljes word deur Momentum Multifondsbestuurders bestuur naamlik Hoë Groei, Matige Groei en Kapitaal Beskermer. Die Gebalanseerde portefeulje word deur Coronation en Allan Gray bestuur.

Portefeulje	Samestelling	Waar-skynlike tyd tot aftrede	Verwagte Maks. waardedaling	Langtermyn prestasie-teiken
1. Gebalanseerd	Enkelbestuurder portefeulje: Belê 50% in Allan Gray gebalanseerd en 50% in Coronation gebalanseerd Maksimum aandele (groeï bates) belegging Allan Gray – 75% Coronation – 85%	3 – 9 jaar	Allan Gray – 15% Coronation 35%	Inflasie + 6%*
2. Hoë Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê 80% in groei-gefokusde bateklasse en 20% in defensief-gefokusde bateklasse	10 jaar en meer	15%	Inflasie + 7%
3. Matige Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê 45% in groei-gefokusde bateklasse en 55% in defensief-gefokusde bateklasse	5 – 9 Jaar	10%	Inflasie + 5%
4. Kapitaalbeskermer	Multibestuurder portefeulje: Belê 30% in groei-gefokusde bateklasse en 70% in defensief-gefokusde bateklasse	minder as 5 jaar	2%	Inflasie + 3%

* Beraming

Die volgende verdeling van die totale fondse op 30 September 2014 by Momentum was

1. Gebalanseerde groei	R 72 558 410.60
2. Hoë groei	R106 263 438.36
3. Matige groei	R 22 558 463.38
4. Kapitaalbeskermer	R 56 524 320.94
5. Fondsreserwe	<u>R 10 384 299.49</u>
Totaal	R268 288 932.77

3.5.10 Die Trustees en lede van die Predikante Pensioenfonds sal tydens Sinode 2015 byeenkom vir 'n Ledevergadering.

3.6 Die Sinode wys Mnr Neville Strohmer van ABSA Konsultante en Aktuarisse as aktuaris vir die Fonds aan.

3.7 Die volgende predikante is vir die termyn 2015-2017 as Trustees verkies: Di CA Jansen, W Vogel, PJ Nel en N Boy. As sekundus is ds JA Berg verkies.

3.8 *Waarderingsverslag ABSA Konsultante en Aktuarisse*

3.8.1 Die waarderingsverslag vir die termyn 2012–2014 is op 02 Desember 2014 ontvang.

3.8.2 Netto opbrengste gerealiseer in die verskillende portefeuljes

Portefeulje	01 Jul 2011 – 30 Jun 2012	01 Jul 2012 – 30 Jun 2013	01 Jul 2013 – 30 Jun 2014
Gebalanseerd	12,7%	24%	22,8%
Hoë groei	12,8%	23,4%	24,5%
Matige groei	11,7%	19,5%	16,9%
Kapitaalbeskermer	9,5%	9,3%	13,7%

3.8.3 Die beleggingstrategie en samestelling van beleggings is in lyn met die verwagte verpligtinge van die fonds.

3.8.4 Die fonds is tot en met evaluasie in 'n gesonde finansiële posisie.

3.8.5 Die administrasie van die fonds deur die personeel van die Administratiewe Buro (Fondsbestuurder: dr Wymie du Plessis, Finansiële Bestuurder: br Johan Coetzee en Assistent-rekenmeester, sr Dalene Pretorius) is as "uitstekend" beoordeel.

Aktuariële Waardering van die GKSA Predikante Pensioenfonds 30-06-2014

Opsomming

Dit is vir ons aangenaam om die aktuariële waarderingsverslag van die GKSA Predikante Pensioenfonds aan te bied. Om die verslag en ons aanbevelings beter te verstaan, moet die opsomming en die volledige hoofverslag saam gelees word.

1. Lidmaatskap

Die aktiewe lede-inligting op die waarderingsdatum was soos volg vergeleke met die posisie op die vorige waarderingsdatum:

Aantal lede		Totale jaarlikse pensioengewende traktamente (R'000)		Gemiddelde ouderdom	
30.06.2011	30.06.2014	30.06.2011	30.06.2014	30.06.2011	30.06.2014
273	274	83 170	91 222	48,4*	48,8

* Verkeerdelik aangewys as 44,9 in die 2011 waarderingsverslag.

2. Finansiële posisie

Die finansiële posisie van die Fonds soos op 30 Junie 2014, in vergelyking met die finansiële posisie soos op 30 Junie 2011, is soos volg (bedrae in R'000):

	30.06.2011	30.06.2014
Waarde geplaas op bates	147 900	265 669
Minus: Aktiewe lede	(144 745)	(259 157)*
Data- en Verwerkingsreserwerekening	(833)	(1 012)
Risiko Reserwerekening	(2 322)	(5 500)
Surplus/(Tekort) ten opsigte van opgelope verpligtinge	-	-
Befondsingsvlak	100,0%	100,0%

* Sluit reeds surplus bedrae in.

3. Bydraekoerse

Die totale netto beskikbare bydraekoerse (as 'n persentasie van pensioengewende traktement) wat aan lede se aftreevoordele geallokkeer kan word was soos op hierdie en die vorige waarderingsdatum sowel as die bydraekoerse wat aanbeveel kan word vir die periode wat volg op die waarderingsdatum is soos volg:

	30.06.2011	30.06.2014	Aanbevele voorsienings na 30.06.2014
Lid bydraekoerse	7,50%	7,50%	7,50%
Bruto werkgewer bydraekoerse	12,50%	12,50%	12,50%
Minus: Bedryfskoste voorsiening	(0,29%)	(0,34%)*	(0,40%)
Risikokoste voorsiening vir sterftevoordele	(5,40%)	(5,40%)	(5,40%)
Risikokoste voorsiening vir Ongeskiktheidsvoordele	(1,44%)	(1,52%)	(1,52%)
Bydraekers beskikbaar vir aftreevoordele	12,87%	12,74%	12,68%

* Die voorsiening ten opsigte van operasionele uitgawes word maandeliks bereken en op lede se rekords toegepas. Die koers is dus nie konstant nie en die bogenoemde koers is dus 'n gemiddelde koers vir die jaar eindigend 30 Junie 2014.

4. Finansiële gesondheid

- 4.1 Die resultate toon 'n befondsingsvlak van 100%. Ek kan dus sertifiseer dat die Fonds soos op die waarderingsdatum in 'n gesonde finansiële posisie was.
- 4.2 Op die waarderingsdatum is die verwagte toekomstige bydraes voldoende om voorsiening te maak vir toekomstige voordele, soos in die Reëls van die Fonds uiteengesit.
- 4.3 Ek is tevrede dat die samestelling van die bates van die Fonds versoenbaar is met die aard van die verpligtinge van die Fonds, indien die bates belê word volgens die lede se individuele beleggingskeuses.
- 4.4 Die lede van die Fonds moet ingelig word oor die batesamestelling sowel as die risikos ten opsigte van die verskillende beleggingsportefeuljes wat beskikbaar is vir beleggingskeuses sodat die lede ingeligte beleggingskeuses kan maak wat ooreenstem met hulle voordeelverwagtinge. Ek spreek spesifiek geen mening oor die individuele beleggingskeuses van lede uit nie.

5. Samevatting en aanbevelings

- 5.1 Ek beveel aan dat 'n Data- en Verwerkingsreserwerekening van R1 012 000 in stand gehou word ten einde die Fonds teen data- en verwerkingsvariasies te beskerm.
- 5.2 Ons beveel aan dat 'n Risiko Reserwerekening van R5 500 000 onder die Fonds gehou word en dat die oortollige balans van R3 549 000 verdeel word aan lede soos in paragraaf 6.7 uitgewys word.
- 5.3 Ek is van opinie dat die kombinasie van die herversekering en self-versekering voldoende is om die finansiële gesondheid te verseker, op voorwaarde dat die balans in die Risiko Reserwerekening gereeld bepaal word en op 'n aanvaarbare vlak gehou word.

1. Inleiding

- 1.1 Ek het 'n aktuariële waardering van die GKSA Predikante Pensioenfonds (die Fonds) soos op 30 Junie 2014 (die waarderingsdatum) gedoen. Die vorige aktuariële waardering was soos op 30 Junie 2011 voltooi. Vir die doeleindes van hierdie verslag verteenwoordig die periode 30 Junie 2011 tot 30 Junie 2014 die waarderingperiode.
- 1.2 Die doel van die waardering is om:
 - 1.2.1 die finansiële posisie van die Fonds te ondersoek en daarop te rapporteer,
 - 1.2.2 die finansiële verloop van die Fonds gedurende die waarderingperiode te ontleed,
 - 1.2.3 die balans wat in die reserwerekeninge gehou moet word aan te beveel,
 - 1.2.4 aan te beveel hoe enige surplusse of tekorte wat gedurende die waarderingperiode ontstaan het, aangewend behoort te word, en
 - 1.2.5 te bepaal of die huidige beleggingsstrategie, aard en batesamestelling van die Fonds met die profiel van die verpligtinge versoenbaar is.

- 1.2.6 kommentaar te lewer oor die toepaslikheid van die beleggingstrategie in plek teen waardasiedatum.
- 1.3 Hierdie verslag word gerig aan die Trustees van die Fonds. Die resultate van hierdie waardering moet vir geen ander doel gebruik word sonder verdere bespreking nie. Enige verdere advies of navrae rakende die verslag sal op versoek verskaf word. Ek is beskikbaar vir enige verdere advies of vir enige navrae rakende hierdie verslag.
- 1.4 Die verslag is voorberei in ooreenstemming met SAP201: Aftreefondse – Aktuariële waarderingsverslae en die relevante wetlike leiding voorsien deur die Registrateur van Pensioenfondse.
- 1.5 Dit is die eerste keer wat ek die aktuariële waardering op hierdie Fonds doen. Die vorige waardering was deur Marli Venter gehanteer.
- 1.6 Hierdie verslag is hersien en geteken saam met 'n senior aktuariële werknemer en dus is verdere kollegiale resensie nie nodig nie.

2. Besonderhede van die Fonds

- 2.1 Die Fonds is op 1 Julie 1994 gestig en word as 'n privaatsfonds bedryf.
- 2.2 Die Fonds word op 'n eenheidsbasis bedryf. Eenhede word aangekoop teen die eenheidsprys wanneer bydraes gemaak word en voordele word gebaseer op die waarde van die som van al die eenhede wat aangekoop is.
- 2.3 'n Opsomming van die belangrikste voordele wat die Fonds bied, word in Aanhangsel A uiteengesit.
- 2.4 Sover ons kennis strek het daar geen veranderinge plaasgevind wat die finansiële stand van die Fonds wesenlik beïnvloed het sedert die vorige waardering nie.

3. Gekonsolideerde inkomstestaat

Die gekonsolideerde inkomstestaat vir die waarderingperiode is soos volg (bedrae in R'000):

Waarde van bates volgens finansiële state soos op 30 Junie 2011	147 900
Plus: Lidbydraes ontvang	20 353
Addisionele lidbydraes ontvang	1 391
Werkgewerbydraes ontvang	33 707
Herversekeringsinkomste ten opsigte van sterfte	2 122
Herversekeringsinkomste ten opsigte van ongeskiktheid	1 067
Netto beleggingsinkomste	96 541
Minus: Bedankingsvoordele betaal	(4 894)
Aftreevoordele betaal	(14 176)
Sterftevoordele betaal	(4 047)
Ongeskiktheidsvoordele betaal	(1 067)
Administrasie uitgawes betaal	(853)
Herversekeringspremies betaal	(12 375)
Waarde van bates volgens finansiële state soos op 30 Junie 2014	265 669

4. Waarderings inligting

4.1 Waarderingsdata

- 4.1.1 Vir die doeleindes van my berekeninge het ek gebruik gemaak van inligting omtrent die lede en bates van die Fonds wat deur die Administrasie Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat die Fonds administreer, verskaf is. Ons het rekonsiliasies en redelikheidstoetse uitgevoer vir die doel van die waardering om die konsekwentheid van die inligting in die beleggingstate, finansiële state en administrateurrekords te toets. Gebaseer hierop is ons tevrede met die algemene akkuraatheid van die gegewens vir die doel van die waardering. Die verslag moet egter nie beskou word as bevestiging van die akkuraatheid van die data wat gebruik is nie.
- 4.1.2 Hierdie waardering is gebaseer op geouditeerde finansiële state soos op 30 Junie 2012, 30 Junie 2013 en 30 Junie 2014.

4.2 Aktiewe lede

- 4.2.1 Die aantal aktiewe lede en hul totale jaarlikse pensioengewende traktemente soos op 30 Junie 2014 vergelyk soos volg met die van 30 Junie 2011:

Aantal lede		Totale jaarlikse pensioengewende traktemente (R'000)		Gemiddelde ouderdom	
30.06.2011	30.06.2014	30.06.2011	30.06.2014	30.06.2011	30.06.2014
273	274	83 170	91 222	48,4*	48,8

* Verkeerdelik aangewys as 44,9 in die 2011 waarderingsverslag.

- 4.2.2 Gedurende die waarderingsperiode het die ledetal soos volg verander:

Aktiewe lede soos op 30 Junie 2011	273
Plus: Nuwe toetredes	30
Minus: Diensverlatings	(11)
Sterftes	(1)
Aftredes	(17)
Aktiewe lede soos op 30 Junie 2014	274

5. Besonderhede van beleggings

- 5.1 Op die waarderingsdatum was meeste van die Fonds se bates by Momentum belê. Daar is spesifiek vyf portefeuljes, naamlik: Gebalanseerde Groei, Hoë Groei, Matige Groei, Kapitaalbeskermer en Fonds Reserwe.
- 5.2 Op 1 Julie van elke jaar kry lede die kans om hul beleggingskeuse te hersien. Alle nuwe gelde wat beskikbaar is vir belegging gedurende die waarderingsperiode word volgens die lede se beleggingskeuse belê.
- 5.3 Die opbou in die onderskeie beleggingsrekeninge gedurende die waarderingsperiode, sowel as die netto beleggingsopbrengste wat in elke portefeulje behaal is, was soos volg (bedrae in R'000):

1 Julie 2011 tot 30 Junie 2012

	Balans 01.07.2011	Nuwe bedrae belê	Netto beleggings inkomste	Balans 30.06.2012	Netto beleggings -opbrengs p.j.
Momentum : Gebalanseerde Groei	35 814	(717)	4 390	39 487	12,7%
Momentum : Hoë Groei	51 311	3 558	6 846	61 715	12,8%
Momentum : Matige Groei	38 580	3 585	4 802	46 967	11,7%
Momentum : Kapitaalbeskermer	19 307	(3 496)	1 747	17 558	9,5%
Momentum : Fonds Reserwe	3 768	464	83	4 315	2,4%
Eerste Nasionale Bank	5 433	(5 016)	31	448	3,9%
Investec	-	675	5	680	1,4%
Totaal	154 213	(947)	17 904	171 170	11,8%

1 Julie 2012 tot 30 Junie 2013

	Balans 01.07.2012	Nuwe bedrae belê	Netto Beleggings inkomste	Balans 30.06.2013	Netto beleggings -opbrengs p.j.
Momentum : Gebalanseerde Groei	39 487	(1 654)	8 826	46 659	24,0%
Momentum : Hoë Groei	61 715	4 934	15 091	81 740	23,4%
Momentum : Matige Groei	46 967	1 976	6 964	55 907	14,5%
Momentum : Kapitaalbeskermer	17 558	2 339	1 920	21 817	9,3%
Momentum : Fonds Reserwe	4 315	2 696	523	7 534	8,7%
Eerste Nasionale Bank	448	(441)	5	12	3,6%
Investec	680	(690)	10	-	N.v.t
ABSA Daggelde	-	25	-	25	4,8%
Totaal	171 170	9 185	33 339	213 694	18,9%

1 Julie 2013 tot 30 Junie 2014

	Balans 01.07.2013	Nuwe bedrae belê	Netto Beleggings inkomste	Balans 30.06.2014	Netto beleggings -opbrengs p.j.
Momentum : Gebalanseerde Groei	46 659	7 447	12 109	66 215	22,8%
Momentum : Hoë Groei	81 740	4 617	20 719	107 076	24,5%
Momentum : Matige Groei	55 907	(7 105)	8 273	57 075	16,9%
Momentum : Kapitaalbeskermer	21 817	520	3 085	25 422	13,7%
Momentum : Fonds Reserwe	7 534	1 176	1 112	9 822	14,3%
Eerste Nasionale Bank	12	(12)	-	-	1,8%
ABSA Daggelde	25	2 171	16	2 212	4,3%
Totaal	213 694	8 814	45 314	267 822	20,9%

- 5.4 Die beleggingsopbrengste wat hierbo aangetoon word, is gebaseer op die totale markwaarde en verteenwoordig die jaarlikse saamgestelde rentekoers wat die effek van gerealiseerde en ongerealiseerde kapitale winste insluit.
- 5.5 Die beleggingsamestelling van die bates in die markwaarde portefeuljes op 30 Junie 2014 was soos volg (bedrae in R'000):

Portefeulje	Aandele	Effekte	Eiendom	Kontant	Inter-nasional	Ander	Totaal
Momentum : Gebalanseerde Groei	30 061 45,4%	10 262 15,5%	2 820 4,3%	4 244 6,4%	16 747 25,3%	2 081 3,1%	66 215 100%
Momentum : Hoë Groei	55 162 51,5%	3 363 3,1%	9 678 9,0%	2 841 2,7%	26 176 24,4%	9 856 9,2%	107 076 100%
Momentum : Matige Groei	20 826 36,5%	10 414 18,2%	4 960 8,7%	3 675 6,4%	11 367 19,9%	5 833 10,2%	57 075 100%
Momentum : Kapitaalbeskermer	6 558 25,8%	8 727 34,3%	1 471 5,8%	2 627 10,3%	2 595 10,2%	3 444 13,5%	25 422 100%
Momentum : Fonds Reserwe	3 046 31,0%	3 099 31,6%	35 0,4%	3 635 37,0%	7 0,1%	- -	9 822 100%
Absa Daggelde	- -	- -	- -	2 212 100,0%	- -	- -	2 212 100%
Totaal	115 653 43,2%	35 865 13,4%	18 964 7,1%	19 234 7,2%	56 892 21,2%	21 214 7,9%	267 822 100%

6. Basis van berekening

6.1 Die waarde wat op die bates van die Fonds geplaas word, moet op so 'n wyse bereken word dat dit met die basis waarvolgens die verpligtinge van die Fonds bereken is, tred hou.

6.2 Bates

6.2.1 Die waarde wat op die bates van die Fonds geplaas word, moet bereken word op so 'n wyse dat dit met die basis waarvolgens die verpligtinge van die Fonds bereken is, tred hou.

6.2.2 Ek het die totale markwaarde van R267 822 000 soos aangedui in die finansiële state gebruik en dit is konsekwent met die waarde geplaas op die verpligtinge.

6.2.3 Die totale waarde wat ek vir die doeleindes van die waardering op die bates geplaas het, is soos volg (bedrae in R'000):

Markwaarde van die beleggings	267 822
Netto bedryfsbates/(laste) volgens die finansiële state	(2 153)
Totale waarde op bates geplaas soos op 30 Junie 2014	265 669

6.3 Verpligtinge

- 6.3.1 Op die waarderingsdatum word die Fonds op 'n eenheidsbasis bedryf. Eenhede word aangekoop teen die eenheidsprys wanneer bydraes gemaak word en voordele word gebaseer op die waarde van die som van al die eenhede wat aangekoop is.
- 6.3.2 Die Fonds bied individuele beleggingskeuses aan lede, wat met effek in werking tree elke jaar op die Fondsverjaarsdag.
- 6.3.3 Die opgelope verpligtinge van die Fonds ten opsigte van die lede is per definisie gelyk aan die som van die totale Regmatige Aandeel van elke lid.
- 6.3.4 Om die kostes wat die Fonds moet dek te verhaal, word voorsienings afgetrek van die werkgewerbydraes. Netto werkgewerbydraes word dan aan die lede se aftreevoordele geallokeer.
- 6.3.5 Die bruto werkgewerbydraekoers en die netto bydraes beskikbaar vir aftreevoordele gedurende die waarderingsperiode (as 'n persentasie van pensioengewende traktement) was soos volg:

	01.07.2011 tot 30.10.2011	01.11.2011 tot 31.03.2014
Lid bydraekoers	7,50%	7,50%
Bruto werkgewer bydraekoers	12,50%	12,50%
Minus: Operasionele koste voorsiening*	(0,34%)	(0,34%)*
Ongekiktheidskoste voorsiening	(1,44%)	(1,52%)
Sterfteskoste voorsiening	(5,40%)	(5,40%)
Bydraekoers beskikbaar vir aftreevoordele	12,82%	12,74%

* Die voorsiening ten opsigte van operasionele uitgawes word maandeliks bereken en op lede se rekords toegepas. Die koers is dus nie konstant nie en die bogenoemde koers is dus 'n gemiddelde koers vir die jaar eindigend 30 Junie 2014.

- 6.3.6 Die eenheidspryse maak nie voorsiening vir beleggingsfooie nie. Voorsiening word wel gemaak deur die betrokke fooie van lede se Regmatige Aandele te verhaal proporsioneel tot die werklike koste.
- 6.3.7 Tydens die vorige waarderingsdatum was die aanbeveling om lidrekords reg te stel vir diegene wie in 2008 in die Kapitaalbeskermerportefeulje gelde belê gehad het. Hierdie korreksie moes dmv die Data en Verwerkingsreserwerekening befonds word. Die korreksie was nie gedurende die waarderingsperiode aangebring nie en daarom het ek aanpassings gemaak op die Regmatige Aandele soos deur die administrateur voorsien. In sommige gevalle het ek addisionele krediteure geskep vir diegene wie reeds die Fonds verlaat het.
- 6.3.8 Gedurende die waarderingsperiode het die voorsienings ten opsigte van die beleggingsfooie, operasionele kostes en die koste met betrekking tot risikovooredele soos volg verskil van die werklike kostes wat betaalbaar was (bedrae in R'000):

	Beleggingsfooie	Operasionele koste	Risikokoste
Voorsienings verhaal	4 081	885	18 479
Werklike koste betaal	(4 198)	(853)	(12 375)
Balans soos op 30 Junie 2014	(117)	32	6 104

Die balanse onder hierdie voorsienings met betrekking tot beleggingsfooie en operasionele uitgawes vorm deel van die Data- en Verwerkingsreserwerekening omdat dit verwerkingsvariasies is, wat ontstaan het omdat die werklike koste van die voorsienings verskil het.

Die balanse onder hierdie voorsienings met betrekking tot die risiko koste vorm deel van die Risikoreserwerekening, omdat dit ontstaan het as gevolg van die addisionele premies wat van lede verhaal word om die selfversekering gedeelte te befonds.

6.3.9 Die Regmatige Aandele soos op 30 Junie 2011, lidbydraes, netto werkgewerbydraes en beleggingsfooie word teen die toepaslike eenheidspryse toegedeel. Die totale Regmatige Aandele van die lede is die aantal eenhede vermenigvuldig met die toepaslike eenheidspryse soos op 30 Junie 2014.

'n Opsomming van die eenheidspryse gedurende die waarderingsperiode word in Aanhangel B uiteengesit.

Ek is tevrede dat die eenheidspryse wat gebruik is om eenhede vir lede aan te koop ook konsekwent is met die renteverdienste op dieselfde beleggingsportfeuljes.

6.4 Data en Verwerkingsreserwerekening

6.4.1 'n Data en Verwerkingsreserwerekening word gehou om die Fonds teen fluktuasies in ondervinding te beskerm. Datavariasies ontstaan hoofsaaklik as gevolg van oor- of ondervoorsiening vir debiteure of krediteure soos op die vorige waarderingsdatum. Verwerkingsvariasies kan ontstaan as gevolg van tydsberekening van kontantvloei, voorsiening van kostes wat verskil van werklike kostes, beleggingsopbrengste op lopende bates en laste, ens.

6.4.2 Op die vorige waarderingsdatum, was die bedrag wat benodig word om lede se Regmatige Aandele te korrigeer in die Kapitaalbeskermerportfeulje beraam op R220 000 vir diegene wat voorheen nadelig geaffekteer was as gevolg van 'n eenheidsprysaanpassing gedurende Augustus 2008.

Na verdere ondersoek het ek gevind dat die bedrag eerder R363 000 soos op die vorige waarderingsdatum moes gewees het. Die verskil van R143 000 het ek as 'n datavaraisie hanteer.

6.4.3 Die Data en Verwerkingsreserwerekening het gedurende die waarderingsperiode soos volg verander (bedrae in R'000):

Balans soos op 30 Junie 20 11	833	
Data variasies	(143)	Par 6.4.2
Beleggingsfooie voorsiening	(117)	Par 6.3.8
Bedryfskoste voorsiening	32	Par 6.3.8
Algemene verwerkingsvariasies	173	Par 6.4.1
Beleggingsopbrengs	234	
Balans soos op 30 Junie 2014	1 012	

6.4.4 Volgens 'n interpretasie nota wat deur die Raad op Finansiële Dienste uitgereik is, moet enige verskille tussen die beleggingsopbrengs wat op die Fonds se beleggings verdien is en die beleggingsopbrengs wat aan die lede en reserwerekeninge toegedeel is, aan die lede van die Fonds toegeken word.

Gegewe die eenheidsbasis waarop die Fonds bedryf word, sal sulke verskille slegs realiseer waar die onderliggende beleggings nie presies saamstem met die groei op die verpligtinge van die Fonds nie. Dit is ook bekend as wanpassing tussen bates en verpligtinge. Lede se verpligtinge is gebaseer op groei in die onderliggende eenheidspryse van die beleggingsportfeulje waarin die lede se netto bydraes belê word. Ek is dus van mening dat lede die beleggingsopbrengste volgens hul keuses ontvang het en dat geen verdere toedelings nodig is nie.

Met die gevolg dat enige surplusse of tekorte wat moontlik kon ontstaan het as gevolg van wanpassing as algemene variasies hanteer word.

6.4.5 In lig van die huidige balans, beveel ek aan dat die beskikbare balans van R1 012 000 gehou word vir die doel van hierdie waardering.

6.4.6 Gegewe die doel van die Data en Verwerkingsreserwerekening, beveel ek aan dat lede wie die Fonds verlaat, nie deel in die rekening nie.

6.5 Risiko Reserwerekening

6.5.1 Die voordele betaalbaar by sterfte voor aftrede is herverseker op 'n basis waar die enkelbedrae en verwagte pensioenbetalings verdiskonteer word teen 10% per jaar. Gevolglik word 'n gedeelte van die toekomstige gade- en kinderpensioenverpligtinge deur die Fonds self gedra. 'n Risiko Reserwerekening word dus vir hierdie doel gebruik en ook om enige variasie met betrekking tot werklike voordeelbetalings en verwagte voordeel betalings. Die balans in die Risiko Reserwerekening het tydens die waarderingsperiode soos volg verander (bedrae in R'000):

Opening balans	2 322
Risikovoorsienings, netto van premies betaal	6 104
Herversekeringsverhalings vanaf versekeraar ontvang	3 189
Vrystelling van Regmatige Aandele	1 029
Voordele betaal	(5 114)
Opbrengs verdien	1 519
Sluitingsbalans soos op 30 Junie 2014	9 049

6.5.2 Ons beveel aan dat die berekende balans van R5 500 000 gehou word en dat die oortollige balans van R3 549 000 vrygestel word.

6.5.3 Gegewe die klein aantal lede in die Fonds, is dit egter nie moontlik om 'n akkurate voorsiening vir die risikovooredele met betrekking tot voordele by sterfte voor aftrede te maak nie. Dit is moontlik dat daar geen lede in enige gegewe jaar te sterwe kom nie, maar dit kan ook gebeur dat daar byvoorbeeld 6 lede te sterwe kan kom. Ons berekening maak voorsiening vir 'n gemiddeld van 2 lede wat te sterwe kom per jaar en wat sal lei tot 'n gemiddelde tekort vir die Fonds van sowat R887 000 elk.

6.5.4 Ons is van opinie dat die benadering tot herversekering en selfversekering voldoende is ten einde die finansiële gesondheid van die Fonds te verseker, op voorwaarde dat die balans in die Risiko Reserwerekening gereeld hersien en op 'n aanvaarbare vlak gehou word.

6.5.5 Gegewe die doel van die Risiko Reserwerekening, beveel ek aan dat lede wie die Fonds verlaat, nie deel in die rekening nie.

6.6 Voorlopige Resultate

Die verpligtinge ten opsigte van verstreke diens soos op die waarderingsdatum is soos volg (bedrae in R'000):

	30.06.2011	30.06.2014
Waarde geplaas op bates	147 900	265 669
Minus: Aktiewe lede	(144 745)	(255 608)
Data -en verwerkingsreserwerekening	(833)	(1 012)
Risiko Reserwerekening	(2 322)	(5 500)
Surplus / (Tekort) ten opsigte van verstreke diens	-	3 549
Befondsingsvlak	100,0%	101,3%

6.7 Verdeling van surplus/tekort

6.7.1 Geen surplus of tekorte, behalwe die wat aangedui is in die veranderinge in die Data en Verwerkingsreserwerekening en Risiko Reserwerekening het ontstaan gedurende die waarderingsperiode nie. 'n Verdere analise van die bronne van surplus en tekort word dus nie benodig nie.

6.7.2 Ek beveel aan dat die surplus verdeel moet word aan die lede wie voorheen nie hul regmatige deel van die surplusverdeling op die vorige waarderingsdatum ontvang het nie, na aanleiding van die herbalanseringsfout op die eenheidsprys gedurende Augustus 2008 en soos vermeld is in die vorige waarderingsverslag.

Ek beveel ook aan dat die surplus verdeel moet word aan aktiewe lede soos op die waarderingsdatum, al het hulle sedertdien die Fonds verlaat.

7. Resultate van waardering

7.1 Finansiële posisie

Gebaseer op die resultate en aanbevelings in hierdie verslag, is die finansiële posisie van die Fonds soos op 30 Junie 2014, in vergelyking met die finansiële posisie soos op 30 Junie 2011, soos volg (bedrae in R'000):

	30.06.2011	30.06.2014
Waarde geplaas op bates	147 900	265 669
Minus: Aktiewe lede	(144 745)	(259 157)*
Data- en Verwerkingsreserwerekening	(833)	(1 012)
Risiko Reserwerekening	(2 322)	(5 500)
Surplus/(Tekort) ten opsigte van opgelope verpligtinge	-	-
Befondsingsvlak	100,0%	100,0%

* Sluit reeds surplus bedrae in.

Die Fonds het geen surplus/tekort nie en dus 'n befondingsvlak van 100,0%. Ons kan dus sertifiseer dat die Fonds soos op die waarderingsdatum in 'n gesonde finansiële posisie verkeer.

7.2 Toekomstige diens

7.2.1 Die sterftevoordele voor aftrede is befonds deur 'n kombinasie van selfversekering en herversekering. Die koste is nie konstant nie, maar wissel namate die geweegde gemiddelde ouderdom van die lede van die Fonds fluktueer. Die Fonds neem ook familie samestellingsrisiko. Ek beveel dus aan dat 'n totale voorsiening vir die toekomstige sterfte koste van 5,4% van pensioengewende traktemente gehandhaaf word en direk na die Risiko Reserwerekening geallokeer word.

7.2.2 Die ongeskiktheidsvoordele word aan lede gebied deur 'n aparte groepskema en die koste daarvan word verhaal deur die werkgewerbydraes. Gedurende Julie 2014 was hierdie koste ekwivalent aan 'n bydraekoers van 1.52% van totale pensioengewende traktemente.

Die Fonds verhaal die ongeskiktheidspremies van die werkgewerbydraes. Ek beveel aan dat hierdie praktyk voortgesit word en dat die voorsiening van hierdie koste aangepas word, sodra die werklike koste daarvan deur die versekeraar aangepas word.

7.2.3 Dit is die Fonds se normale praktyk om die werklike administrasiekoste, en gepaardgaande voorsienings van lede maandeliks te bepaal. Ek beveel aan dat hierdie praktyk voortgesit word.

7.2.4 Enige verandering in die risiko en operasionele kostes sal die netto bydraes, wat beskikbaar is vir aftrede, beïnvloed en sodoende ook die lede se voordele.

7.2.5 Die totale netto beskikbare bydraekoers (as 'n persentasie van pensioengewende traktement) wat aan lede se aftreevoordele geallokkeer kan word was soos op hierdie en die vorige waarderingsdatum sowel as die bydraekoerse wat aanbeveel kan word vir die periode wat volg op die waarderingsdatum soos volg:

	30.06.2011	30.06.2014	Aanbevele voorsiening na 30.06.2014
Lid bydraekoerse	7,50%	7,50%	7,50%
Bruto werkgewer bydraekoerse	12,50%	12,50%	12,50%
Minus: Bedryfskoste voorsiening	(0,29%)	(0,34%)*	(0,40%)
Kostevorsiening vir sterftevoordele	(5,40%)	(5,40%)	(5,40%)
Koste voorsiening vir ongeskiktheidsvoordele	(1,44%)	(1,52%)	(1,52%)
Bydraekers beskikbaar vir aftreevoordele	12,87%	12,74%	12,68%

* Die voorsiening ten opsigte van operasionele uitgawes word maandeliks bereken en op lede se rekords toegepas. Die koers is dus nie konstant nie en die bogenoemde koers is dus 'n gemiddelde koers vir die jaar eindigend 30 Junie 2014.

7.2.6 Die effek van enige verandering in die lidmaatskapstruktuur of die verswakking in ondervinding as gevolg van MIV/Vigs of algemene ondervinding van die Fonds kan tot 'n toename in die koste van hierdie voordele lei.

7.2.7 Veranderinge in die risiko- of die bedryfskoste sal 'n impak op die netto werkgewerbydraekers ten opsigte van aftreevoordele hê.

7.3 Projeksie van aftreevoordele

7.3.1 Ek beveel aan dat die volgende aannames gebruik moet word indien geprojekteerde aftreevoordele deur middel van voordeelstate aan die lede van die Fonds voorsien word:

Normale aftree-ouderdom	65 jaar
Toekomstige beleggingsopbrengs *	2,0% per jaar en 4,0% per jaar
Netto werkgewerbydraekers **	Soos uiteengesit in paragraaf 7.2.5**

* Die koers waarteen toekomstige beleggingsopbrengste verwag word om traktementverhogings te oorskry. Geprojekteerde voordele word gevolglik relatief tot huidige traktemente getoon.

** Geen voorsiening is vir die effek van MIV/Vigs gemaak ten opsigte van die werkgewerbydraekers beskikbaar vir aftreevoordele nie en dit behoort aan die lede deur middel van hulle voordeelstate gekommunikeer te word.

7.3.2 Ten einde elke lid se geprojekteerde Regmatige Aandeel by aftrede as 'n pensioenekwivalent te illustreer beveel ek aan dat die volgende basis gebruik word:

Sterfte-aannames	Gepubliseerde PA90 sterftetabelle, afwaarts aangepas met twee jaar
Gadepensioen	50% van pensioen by afsterwe
Sekertermyn	5 jaar
Vrou jonger as man	3 jaar
Na-aftrede rentekoers	4,0% per jaar

7.3.3 Bogenoemde aannames is na my mening voldoende vir die doel van geprojekteerde aftreevoordele en behoort ook oor die langtermyn volhoubaar te wees.

7.4 Passing van bates en laste

7.4.1 Alle beleggingsopbrengste sowel as enige surplusse of tekorte ten opsigte van aktiewe lede word aan die lede toegedeel. Die bates ten opsigte van hierdie lede behoort dus altyd gelyk aan die verpligtinge te wees, met die veronderstelling dat die bates ten opsigte van die lede van die Fonds in ooreenstemming met lede se beleggingskeuses belê word.

7.4.2 Die lede van die Fonds moet ingelig word oor die batesamestelling sowel as die risiko's ten opsigte van die verskillende beleggingsportefeuljes wat beskikbaar is vir beleggingskeuses sodat die lede ingeligte beleggingskeuses kan maak wat ooreenstem met hulle voordeel verwagtinge. Ek spreek egter geen opinie uit oor die toepaslikheid van die individuele beleggingskeuses wat deur die lede gemaak is nie.

8. Samevatting

Die hoofpunte van hierdie verslag kan soos volg opgesom word:

- 8.1 Ons beveel aan dat 'n Data- en Verwerkingsreserwerekening van R1 012 000 onder die Fonds gehou word ten einde die Fonds teen fluktuasies in ondervinding te beskerm.
- 8.2 Ons beveel aan dat 'n Risiko Reserwerekening van R5 500 000 onder die Fonds gehou word en dat die oortollige balans van R3 549 000 verdeel word aan lede soos in paragraaf 6.7 uitgewys word.
- 8.3 Met verwysing na die finansiële gesondheid van die Fonds:
 - 8.3.1 Die waarderingsresultate toon 'n befondsingsvlak van 100%. Ek kan dus sertifiseer dat die Fonds soos op die waarderingsdatum in 'n gesonde finansiële posisie was.
 - 8.3.2 Ons is van opinie dat die beleggingstrategie, aard en samestelling van die bates nie onvanpas is nie, gegee die verpligtinge vir die aktiewe lede, indien die bates ten opsigte van die lede van die Fonds in ooreenstemming met lede se beleggingskeuses belê word. Ek spreek geen opinie uit oor die beleggingskeuses wat deur die lede gemaak is nie.
 - 8.3.3 Ons is van mening dat die benadering tot herversekering en selfversekering voldoende is ten einde die finansiële gesondheid van die Fonds te verseker, op voorwaarde dat die balans in die Risiko Reserwerekening gereeld hersien en op 'n aanvaarbare vlak gehou word.

NEVILLE STROHMENGER FASSA

In my hoedanigheid as Waardeerder van die Fonds
en in diens van
Absa Konsultante en Aktuarisse (Edms) Beperk
Desember 2014

MARIETJIE GOOSEN

In my hoedanigheid as Aktuariële Konsultant
en in diens van
Absa Konsultante en Aktuarisse (Edms) Beperk

Aanhangsel A : Opsomming van voordele

1. Normale aftree-ouderdom

Tussen 55 en 65 jaar.

2. Aftreevoordele

'n Lid is by normale aftrede geregtig op 'n jaarlikse pensioen vanaf 'n versekeraar van die lid se keuse gelyk in waarde aan sy Regmatige Aandeel in die Fonds.

Tot 'n maksimum van een-derde van 'n lid se Regmatige Aandeel kan in kontant geneem word op aftrede.

3. Sterftevoordele na aftrede

Die voordeel op sterfte na aftrede is die voordeel soos dit in die kontrak met die versekeraar uiteengesit is en soos dit ooreengekom was tussen die lid, trustees en die versekeraar op die dag wat die lid die pensioen aanvanklik aangekoop het.

4. Sterftevoordele voor aftrede

4.1 'n Enkelbedrag gelyk aan twee maal die lid se jaarlikse pensioengewende traktement en

4.2 'n Gadepensioen gelyk aan 40% van die pensioengewende traktement sowel as 'n kinderpensioen gelyk aan 10% van pensioengewende traktement per kind. Indien geen gadepensioen betaalbaar is nie, verdubbel die kinderpensioen.

5. Diensverlatingsvoordele

Wanneer 'n lid die diens van die werkgewer verlaat, ontvang die lid 'n enkelbedragvoordeel gelyk aan die lid se Regmatige Aandeel op die datum van diensverlating.

6. Bydraes

Lede : 7,5% van pensioengewende traktement

Werkgewer : 12,5% van pensioengewende traktement

Die werkgewerbydraes sluit bydraes na die aparte ongeskiktheidsinkomsteskema in.

Aanhangsel B : Eenheidspryse

Datum	Gebalanseerde Groei	Hoë Groei	Matige groei	Kapitaalbeskermer
2011.06.30	137.5547	133.6816	130.0662	127.3860
2011.07.31	137.8391	132.7639	129.3741	126.7375
2011.08.31	137.4484	131.9201	131.2951	102.1457
2011.09.30	139.9863	133.5269	132.8814	102.4955
2011.10.31	147.0852	141.4458	137.1914	105.0435
2011.11.30	147.0124	140.8899	137.4700	105.5266
2011.12.31	147.5876	141.3345	137.9369	105.5289
2012.01.31	150.9075	146.1465	141.2781	107.8916
2012.02.29	152.3492	148.0510	141.7261	108.0919
2012.03.31	154.2455	149.5505	142.5542	108.1475
2012.04.30	156.0629	152.0822	144.8082	109.6228
2012.05.31	155.0931	150.8601	145.4950	110.0482
2012.06.30	156.0016	151.8818	146.4026	110.8467
2012.07.31	159.3474	156.8232	150.1538	112.8487
2012.08.31	163.2693	161.7032	153.4966	114.8004
2012.09.30	165.0150	163.0226	154.6885	116.0310
2012.10.31	170.7024	167.6388	157.6815	117.7774
2012.11.30	173.2759	171.6839	160.6838	119.4845
2012.12.31	175.1044	173.8287	161.5481	119.9231
2013.01.31	184.8304	180.8086	165.6979	122.3074
2013.02.28	183.8778	180.3536	165.6665	122.0567
2013.03.31	190.0024	184.6632	168.1565	123.4056
2013.04.30	188.9168	184.7188	168.5119	122.8655
2013.05.31	202.4557	195.6666	173.7739	125.5375
2013.06.30	194.9658	189.1172	169.0781	121.6665
2013.07.31	200.7653	194.8795	172.3582	124.0493
2013.08.31	205.7757	198.2460	174.4777	125.7367
2013.09.30	210.9991	206.7469	179.4503	128.1697
2013.10.31	215.5276	213.2382	183.0060	129.8779
2013.11.30	215.8365	212.0602	181.9603	129.0797
2013.12.31	221.1985	218.3729	185.7289	130.9576
2014.01.31	222.2572	216.3573	185.1209	131.2847
2014.02.28	226.4969	222.3182	188.5760	133.3547
2014.03.31	229.0044	225.1577	190.6610	134.5407
2014.04.30	232.9232	228.8134	193.4731	136.3595
2014.05.31	237.1220	232.6160	195.5216	137.1632
2014.06.30	241.1824	237.3049	199.1192	139.2706

Let asseblief daarop dat die eenheidsprys van die Kapitaal Beskermer portefeulje hergebalanseer was soos op 1 Augustus 2011.

- 3.9 Die Finansiële State word as ongepubliseerde Bylae vir hierdie Rapport aangeheg en is reeds voor die Sinode aan die Deputate Pre-Advies Finansies en Ouditkomitee beskikbaar gestel. Die Finansiële State sal in die Handeling van die Sinode gepubliseer word.

Rapporteur: